# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2

NOVEMBER 2025

**PUNTE:** 70

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. M. Henderson

**MODERATOR:** Mev. L. Middleton

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling.

   Roman: Lien se lankstaanskoene 70 punte

   Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies baie goed.


3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.

   Me. Papé, Middleton, Strydom, Henderson of Wessels

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**Lien se lankstaanskoene**



**VRAAG 1**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

> "You must look them in the eye," sê hy vir Lien. "They must know you know they are there. Dan voel hulle bietjie *guilty* as hulle nie vir jou gee nie. Maar jy moet nie te *aggressive* wees nie. Dan maak jy hulle bang. En jy sê altyd dankie, die Here seën u. Hulle wil weet jy *appreciate* die *hand-out*, want jy is mos arm *and you need them*. They don't need you."
>
> Sy verstaan ook mettertyd waarom Roos so boos was toe sy die eerste dag per ongeluk op haar hoek kom staan het. Elkeen het sy staanplek en 'n mens respekteer dié ongeskrewe reël. Sy kan maar net hoop Johnny wat nou in Johannesburg is, maak nie die een of ander tyd sy opwagting om sy hoek terug te eis nie.
>
> Roos bly onvriendelik en maak asof Lien nie bestaan nie. Sy praat partymaal met Tibbey op Sotho, so asof sy dit duidelik wil maak dat Lien nie deel van die gesprek is nie. Lien probeer nou en dan met haar 'n geselsie aanknoop, maar Roos sê gewoonlik net ja of nee. Sy praat dan maar weer met Tibbey, wat altyd reg is vir 'n geselsie en 'n grappie.

1.1 Hoe het Lien vir Roos en Tibbey leer ken? (1)

1.2 Hierdie uittreksel begin met Tibbey wat vir Lien raad gee. (Reëls 1-5)

1.2.1 Wat het Lien vir haar gekoop na Roos vir haar advies gegee het en hoeveel het dit gekos? (2)

1.3 Wat noem Roos Tibbey se straathoek waar hy bedel? (1)

1.4 Noem die rugbyspan waarvan Tibbey 'n petjie en 'n vlag het. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord en skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Lien se eerste dag van op die hoek staan en geld vra is onaangenaam gemaak deur ...

A die son.
B die sweet.
C die skoene wat seermaak.
D al die bogenoemde. (1)

1.6 Lien wil nie hê dat mense wat sy ken moet weet sy bedel nie.

1.6.1 Wat dra Lien om haarself te vermom wanneer sy bedel? Noem TWEE items. (2)

1.6.2 Vir wie het Lien gevra om hierdie items (in vraag 1.6.1) te leen? (1)

1.7 Hoe voel Lien as mense vir haar geld gee? (1)

1.8 Kies telkens die KORREKTE woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Lien is bereid om vir ander mense geld te vra. Dit wys ons dat Lien (doelgerig/skaam) is. (1)

1.9 Dink jy Lien maak die regte besluit om te bedel om geld te kry? JA/NEE? Gee ‘n REDE vir jou antwoord. (1)

1.10 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom dit ONWAAR is.

Lien het haar ou woonbuurt besoek om by ‘n vriendin te kuier. (1)

1.11 Hoe het <u>jy</u> gevoel toe Lien besluit het om te begin bedel? Gee slegs EEN woord. (1)

1.12 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B om die sin in KOLOM A te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 ... het by Millenium Creations gewerk. | A Braam |
| 1.12.2 ... wil nie werk nie. | B Tibbey |
| 1.12.3 ... het by Binnelandse Sake gewerk. | C Lien |
| 1.12.4 ... werk in die rolbalklub se tuin. | D Christien |

(4 x 1) (4)

**(18)**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS B**

Hulle praat oor die vakansie wat oor twee weke begin. Wouter en sy suster gaan by hulle pa in Bloemfontein kuier. Lien kan sien Wouter is opgewonde oor die trippie Bloemfontein toe.

“Jy mis jou pa.”

Hy glimlag verleërig. “Soort van. Die ding is dat ek en Yvette nie vir hom kan kwaad wees soos my ma nie.”

Hy skeur repies van die leë suikerpakkie af en rol dit in bondeltjies wat hy in die asbak gooi.

“Sy verstaan dit nie. Hy’t ons mos *gedrop*. Ons is almal veronderstel om hom te haat totdat die Bafana Bafana eendag die Sokkerwêreldbeker wen.”

“Hou julle van sy nuwe vrou?”

Wouter kyk weg en skeur nog ‘n suikerkoevertjie oop.

“Nogal, al het ons aan die begin hard probeer om nié van haar te hou nie. Sy is baie mal oor my pa en ek dink hy *like* dit baie dat iemand mal is oor hom. Ek dink nie my ma was ooit nie ... As sy was, het sy dit nou nie *actually* gewys nie. Hulle doen baie dinge saam. Al wat my pa en ma saam gedoen het, was baklei. Hulle was nogal *great* daarmee,” lag Wouter. Dan vra hy skielik: “Mis jy ooit jóú pa?”

Lien word koud. Sy gaap hom verskrik aan. Die kelner kom vra of hulle nog iets wil hê en Lien vra die rekening.

2.1 Wouter en Lien praat oor die vakansie wat voorlê.

2.1.1 Wat het Wouter haar gevra toe hulle voorheen by Wimpy gekuier het? (1)

2.1.2 Hoe het Wouter en Lien maats geword? (1)

2.1.3 Watter ooreenkoms (similarity) is daar tussen Lien en Wouter se families? (1)

2.1.4 Gee EEN WOORD wat, volgens jou, vir Wouter as ‘n vriend beskryf. (1)

2.2 “Wouter en sy suster gaan by hulle pa in Bloemfontein kuier.”

2.2.1 Waarom is Lien se pa nie nou by die huis nie? (1)

2.2.2 Het Lien al vir haar pa gaan kuier waar hy nou is? JA/NEE? Waarom of waarom nie? (1)

2.3 Aan die begin van die roman het Lien slegs vir Wouter as haar vriend gehad.

2.3.1 Noem nog EEN vriend/vriendin wat Lien gemaak het. (1)

2.3.2 Waar het Lien hierdie vriend/vriendin (2.3.1) ontmoet? (1)

2.3.3 Dink jy Lien kan as ‘n goeie vriendin beskryf word? JA/NEE? Gee ‘n REDE vir jou antwoord deur na ‘n voorbeeld uit die roman te verwys. (1)

2.4 Kies telkens die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommers en die korrekte letters (A-D) neer.

2.4.1 Lien is desperaat om geld te maak sodat sy ...

A Tant Malie kan terugbetaal.
B na ver plekke kan reis.
C vir Braam ‘n roomys kan koop.
D as prokureur kan studeer. (1)

2.4.2 Lien en haar broer het ...

A donker hare.
B baie vriende.
C saam die woonstel skoongemaak.
D baie by Dirkie se woonstel gekuier. (1)

2.4.3 Braam wat aan sy pa se gesig vat op die televisie skerm wys vir ons dat hy ...

A ‘n nuwe televisie wil hê.
B baie televisie kyk.
C sy pa haat.
D na sy pa verlang. (1)

2.5 Voltooi die volgende paragraaf deur die KORREKTE woorde uit die onderstaande blok te kies. Skryf telkens die vraagnommer en die woord as antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| teenwoordige | verlede | skuinsgedruk | terugflitse | vermaak |

Die roman word chronologies vertel met die tuisvideo's wat dien as (2.5.1) ... . Hierdie video's gee vir die leser informasie oor die Joostes se (2.5.2) ... wat in sterk kontras staan met hulle huidige omstandighede. Die tuisvideo's word vir die leser aangedui, want die teks is (2.5.3) ... .

(3 x 1) (3)
**(15)**

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS C**

Sy sit die pille op die kassie voor sy bed neer, langs die nuwe opgerolde Bloubul-vlag en die petjie wat Wouter gekoop het. Sy gaan haal vir hom 'n glas water by die buitekraan. "Nou moet jy jou pille drink en rus."

"Hoe op aarde gaan hy regkom?" vra Lien moedeloos toe hulle by die hek uitry.

"Hy sal moet leer. Hy sal," sê Hein terwyl hy na tweede rat oorskakel.

***

Sy sit op 'n vreemde bus en kyk deur die venster na vreemde huise en vreemde tuine en vreemde honde. Sy dink aan Tibbey en sy lelike karretjie en wat van hom gaan word. En sy dink aan Braam en sy dink aan hom. En sy dink aan haar ma en die twee jaar wat verby is en hulle almal se lewens wat so verskriklik verander het. Sy voel partymaal ... sy weet nie eintlik hóé nie. So asof sy iemand anders is.

Sy klim by die straathoek 'n paar blokke duskant die kliniek af. Sy stap stadig. Dis 'n boomryke straat. Gewone huise waar gewone mense bly met gewone goed wat hulle elke dag doen, en saans sit hulle voor die televisie en naweke kyk hulle rugby of sokker of tennis en dan braai hulle en Maandag begin alles weer van voor af. Werk dinge in Londen ook só?

3.1 Lien is baie besorgd oor Tibbey.

3.1.1 Verduidelik wat met Tibbey gebeur het dat hy nou pille moet drink en rus. Wees spesifiek. (2)

3.1.2 In wie se kar het Lien geklim net na wat gebeur het in vraag 3.1.1? (1)

3.2 Kies telkens die KORREKTE woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommers en die woorde neer.

Lien het vir Hein gevra om vir Tibbey te help deur sy karretjie te maak. Dit wys vir die leser dat Lien 'n (3.2.1 onselfsugtige/selfsugtige) persoon is en dat Hein (3.2.2 pateties/prakties) is. (2)

3.3 "En sy dink aan Braam en sy dink aan hom."

3.3.1 Wie is die "hom" waaraan Lien dink? (1)

3.3.2 Watter werk het die persoon in 3.3.1 gedoen? (1)

3.3.3 Hoe verskil Lien se gevoelens oor die man in die begin en einde van die roman. (2)

3.4 Noem die EEN hoofrede waarom die Joostes se lewens "so verskriklik verander het"? (Reël 9-10) (1)

3.5 Lien se ma was 'n alkoholis.

3.5.1 Op watter ander manier het haar ma haar probleme ontvlug? (1)

3.5.2 Het Lien die regte ding gedoen deur haar ma in die kliniek te besoek? JA/NEE? Gee 'n REDE vir jou antwoord. (1)

3.6 Watter EEN van die volgende stellings is KORREK? Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter (A-D) neer, byvoorbeeld 3.6 E.

A Lien se ma het begin drink, omdat sy nie in die woonstel kon aanpas nie en wou terugtrek na hul ou huis.

B Lien se ma het begin drink, omdat sy nie by Binnelandse Sake wou werk nie.

C Lien se ma het begin drink, omdat haar man in die tronk is en sy sukkel om te verwerk dat sy sonder haar man moet probeer oorleef.

D Lien se ma het begin drink omdat sy uitgevind het dat Lien op 'n straathoek staan en bedel. (1)

3.7 Sekere karakters het hul moeilike omstandighede oorwin.

Noem slegs EEN karakter en hoe sy/haar geval by die tema van oorwinning pas. (2)

3.8 Is daar iets wat Lien in hierdie roman gedoen het wat jy anders sou doen? JA/NEE? Motiveer jou antwoord. (1)

**(16)**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS D**

Haar ma staan by Kuifie en Valetjie en gesels. Haar ma lyk anders – stiller, rustiger as vroeër die aand. Sou hulle oor die musiekpos by die laerskool gesels? Sy hoop so.

Sy pak ‘n bord vol eetgoed.

Wouter en Riekie keer haar voor.

“Ons gaan by ons huis *celebrate*. Jy móét kom,” sê Riekie.

“Jy kan saam met ons ry.” Wouter swaai sy pa se karsleutels in die lug. Lien kyk ‘n rukkie besluiteloos na Wouter en Riekie. Sy besluit om te gaan. Sy moet sommer ook vanaand nog oor die afskeid praat. Sy en Wouter gaan nie meer saam nie.

“SMS my as julle wil ry. Ek gaan nog ‘n rukkie wees,” sê Lien met die berg kos op die kleinbordjie.

“O ja,” sê sy oor haar skouer, “ek bring iemand saam en ons sal self daar kom.”

By die ronde tafeltjie met die bont bos blomme by die saaldeur staan ‘n bottel met nog ‘n bietjie roséwyn in. Sy gryp dit ook sommer in die verbygaan, en twee polistireenglasies wat vir die kinders se koeldrank bedoel is. Sy mik pawiljoen toe.

4.1 Lien het aan die skool se toneelproduksie deelgeneem.

4.1.1 Waarom het Lien besluit om na die oudisie toe te gaan? (1)

4.1.2 Watter rol het Lien gespeel? (1)

4.2 Wouter was Lien se beste vriend.

Skryf die volgende VIER gebeure in hulle vriendskap in die KORREKTE VOLGORDE neer. Skryf die VOLSINNE uit.

- Lien en Wouter gaan nie meer saam na die matriekafskeid nie.
- Lien stem in om die matriekafskeid by te woon.
- Wouter kuier vir Lien wanneer sy by Malie se Tuin werk.
- Lien vra Wouter om ‘n pet en vlag vir Tibbey te koop. (4)

4.3 Lien was verbaas dat haar ma daardie aand daar was.

4.3.1 Wat het Christien daardie aand vir die eerste keer in ‘n lang tyd gedoen? (1)

4.4 Na wie is Lien oppad wanneer sy pawiljoen toe gaan? (Reël 14) (1)

4.5 Die Naspel is nog ‘n familie video.

4.5.1 Noem TWEE verskille tussen hierdie video en die video in die Voorspel. (4)

4.5.2 Waar studeer Lien na skool en wat studeer sy? (2)

4.6 Deur die loop van die verhaal is daar baie mense wat Lien help.

Kies die woorde in KOLOM B wat by die naam in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer, bv. 4.6.5 E.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 Help om Tibbey se kamer aan te pas. | A Tannie Bets |
| 4.6.2 Help Lien om werk te kry. | B Sally |
| 4.6.3 Sê dat dit nie Lien se skuld is dat haar ma drink nie. | C Wouter |
| 4.6.4 Lien se steunpilaar. | D Hein |
| | E Gerhard |

(4x1) (4)

4.7 Van watter karakter hou jy die meeste in die roman? Verduidelik jou antwoord. (1)

4.8 Dink jy hierdie roman is realisties?JA/NEE? Gee ‘n REDE vir jou antwoord. (1)

4.9 Noem een les wat jy uit die storie geleer het. (1)
**(21)**

**GROOTTOTAAL: 70**